

10 November

Skrifgedeelte: Daniël 5:1-30

Fokusgedeelte: Daniël 5:22

As God net één maal praat!

Waar God baie keer – en dit telkens ook op 'n aangrypende wyse – met Nebukadnesar gepraat het, het Hy net één maal direk met sy opvolger Belsasar gepraat. Die geleentheid is die uitspattige staatsbanket (eintlik 'n heidense partytjie op staatskoste) in oorlogstyd.

Tydens die "banket" het Belsasar in sy dronkenskap bevel dat die tempelbekers van Jerusalem gehaal moet word (hy weet dus van die bekers) en daarvan het hy heildronke op die dooie afgode ingestel. Toe praat God met die skrif teen die muur. In die openbaar kondig Hy sy oordeel aan asook die redes vir sy oordeel, naamlik dat Belsasar geweeg en getel en te lig bevind is. Al praat God net een keer, het Hy Belsasar deeglik dopgehou, ondersoek en beoordeel.

Terselfdertyd kom Daniël ook weer, op aanbeveling van Belsasar se ma, op die toneel. Deur Daniël bring God die lesse van die verlede weer ter sprake. Belsasar het geweet! Daarom het hy geen verskoning nie. Uit erkenning beloon hy die boodskapper. Sonder bekering help dit hom egter niks nie.

In Christus praat God nog een keer met ons (Heb 1:2). Laat hierdie boodskap jou gedrag bepaal. Ook ons word immers "geweeg en getel".

Sing: Psalm 37:22,23

Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)